**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**BYBELKUNDE SG**

**FEB / MAR 2006**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 300**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord VYF vrae. Afdeling A is VERPLIGTEND. Al die onderafdelings van hierdie vraag moet beantwoord word.
- Beantwoord verder TWEE vrae uit Afdeling B en TWEE vrae uit Afdeling C.
- Die lengte van jou antwoorde moet met die punte wat aan die vraag toegeken word, ooreenstem.

## AFDELING A
**(VERPLIGTEND)**

### VRAAG 1
### KORTVRAE

Vrae 1.1 tot 1.8 is die kortvrae. Skryf die vraagnommer van elke vraag (insluitende die nommers van onderafdelings) in jou **antwoordboek** neer en slegs die antwoord daarnaas.

1.1 **Lees** die volgende teks aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:

"*Hooggeagte Teofilus!*
*Daar is baie wat onderneem het om ? verhaal te skryf van die dinge wat onder ons gebeur het".*

1.1.1 Identifiseer die **Evangelie** waaruit die vers aangehaal is. (2)

1.1.2 Wie was **Teofilus**? (4)

1.1.3 Watter **ander** Nuwe Testamentiese boek is deur dieselfde outeur geskryf? (2)

1.2 **Meervoudige keuse-vrae**

Vir elkeen van die volgende vrae of stellings word vier moontlike antwoorde of verduidelikings gegee. Kies die toepaslike antwoord en skryf dan die vraagnommer saam met die korrekte letter in jou antwoordboek neer.

1.2.1 In watter Evangelie vind ons ? beklemtoning van die rol van die Wet?

A. Matteus
B. Lukas
C. Markus
D. Johannes

1.2.2 Onesimus was die slaaf van ________.

A. Filémon
B. Titus
C. Timoteus
D. Paulus

1.2.3 In die Evangelie volgens _______ word daar na Jesus verwys as "die Woord".

A. Markus
B. Johannes
C. Lukas
D. Matteus

1.2.4 Die woorde "Eloï, Eloï, lemá sabagtáni" beteken:

A. "Dogtertjie, staan op!"
B. "Lasarus, kom uit!"
C. "My God, my God, waarom het U my verlaat?"
D. "Ek is dors".

1.2.5 Hierdie skrywers van die algemene briewe was broers:

A. Judas en Johannes
B. Johannes en Petrus
C. Judas en Jakobus
D. Petrus en Judas 5x2=(10)

1.3 Gee **EEN** woord vir die volgende stellings:


1.3.1 Die liggaam van Christus
1.3.2 Die Blye Boodskap van Jesus Christus
1.3.3 Laat dit so wees
1.3.4 God die Vader, Seun en Heilige Gees
1.3.5 Plek van die Kopbeen 5x2=(10)

1.4 **Bestudeer** die prentjies en skryf neer watter gebod in elkeen oortree word.

1.4.1 ? Prentjie van ? man wat dobbel




1.4.2 ? Prentjie van ? familie wat rook



1.4.3 ? Prentjie van ? vrou met ? jaloerse gedagte



3x2=(6)

1.5 Dui aan watter moontlike stellings/feite uit **Kolom B** by die name/woorde in **Kolom A** pas. Skryf slegs die vraagnommer en die **letter** in jou antwoordboek neer, bv. 1.5.5 – G.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.5.1 Evangelies | A. Dertien |
| 1.5.2 Pauliniese briewe | B. Een |
| 1.5.3 Algemene briewe | C. Vier |
| 1.5.4 Apokaliptiese boek | D. Sewe |
| | E. Een en twintig |
| | F. Vyf |

4x2=(8)

1.6 **Dui aan** of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is, bv. 1.6.5 WAAR.

1.6.1 Die Onse Vader-gebed kom in die Evangelies van Johannes en Markus voor.

1.6.2 Die Onse Vader-gebed is deel van die Bergpredikasie.

1.6.3 Hamartia beteken voorspoed.

1.6.4 Metanoia beteken ? hartsverandering. 4x2=(8)

1.7 Vul die ontbrekende woorde in deur ? korrekte woord uit die onderstaande lysie te kies. Skryf net die letters (a – h) en die woord van jou keuse daarnaas neer.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| sewe | dwaalleer | individue | skares | |
| sinoptiese | die Seun van God | lewensverhaal | Messias | ware |

1.7.1 Die Evangelie volgens Johannes is nie ? ...**a**... Evangelie nie. Dit was nie sy doel om ? ...**b**... geskiedenis van Jesus weer te gee nie. Hy wou die geloof bevestig dat Jesus die ...**c**..., die Seun van God is. (3)

1.7.2 Johannes beskryf wat Jesus aan ...**d**... eerder as aan ...**e**... gesê het. (2)

1.7.3 Johannes sien Jesus se wonderwerke as "tekens". Daar is ...**f**... tekens wat in die Johannes-evangelie opgeteken is. Hierdie tekens is egter alleen betekenisvol vir dié wat glo dat Hy ...**g**... is. (2)

1.7.4 Johannes neem standpunt in teen Gnostisisme. Gnostisisme was ? ...**h**... wat gewild was in die tyd toe hierdie Evangelie geskryf is. (1)

1.8 Wat beteken die woord **heerskappy** (Soewereiniteit)? (2)
**[60]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [60]**

AFDELING B
## INLEIDING TOT DIE NUWE TESTAMENT

Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling. Al die onderafdelings van die vrae wat jy kies, moet beantwoord word.

### VRAAG 2

2.1 Beantwoord die volgende vrae oor die Evangelie volgens Matteus.

2.1.1 Waarom word Matteus ? sistematiese evangelie genoem? Gee VIER redes. (8)

2.1.2 Matteus toon aan dat die Christendom die ware vervulling van die Ou Testament is. Verduidelik hierdie stelling. (10)

2.1.3 Matteus vertel ons van iemand wat "klere van kameelhaar gedra het met ? leerband om sy heupe, en hy het van sprinkane en veldheuning gelewe." Wie was die persoon? (2)

2.2 Noem SES redes waarom ons kan sê dat die Evangelie volgens Matteus geskryf was deur ? Jood aan Jode. 6x2=(12)

2.3 Beantwoord die volgende vraag oor die Pauliniese brief.

2.3.1 Verduidelik kortliks waarom die brief aan Filémon ook as ? getuigskrif beskou kan word. (8)

2.4 Beantwoord die volgende vrae oor die Algemene Briewe.

2.4.1 Skryf die hooftemas van die brief van Jakobus neer. (10)

2.5 Skryf ? paragraaf oor Paulus se verhouding met die volgende mense in die gemeente van Filippi:

2.5.1 Lidia
2.5.2 Silas
2.5.3 Sintige
2.5.4 Epafroditos
2.5.5 Timoteus 5x2=(10)
**[60]**

**VRAAG 3**

3.1 Skryf ? opstel oor die outeur van die Evangelie volgens Johannes onder die opskrif. "Hy was ? Jood." (30)

3.2 Die skrywer van die Johannes-evangelie gee baie spesifieke besonderhede oor wanneer dinge gebeur het wat net ? ooggetuie sou weet. Daarom:

3.2.1 Gee DRIE voorbeelde van die beskrywings waar presiese getalle gegee word. 3x2=(6)

3.3 Gee TWEE voorbeelde om te bewys dat die vierde evangelie deur die geliefde dissipel geskryf is. 2x2=(4)

3.4 Beantwoord die volgende vrae oor die Pauliniese briewe.

3.4.1 Noem die brief wat aan ? private persoon gerig is. (2)

3.4.2 Noem die brief wat aan ? groep gemeentes gerig is. (2)

3.4.3 Noem die briewe wat aan twee medewerkers gerig is. 2x2=(4)

3.4.4 Een hooftema van hierdie brief beweer dat alle mense geregverdig word deur die geloof in die Evangelie van Christus. Noem hierdie brief. (2)

3.5 Skryf ? kort paragraaf oor Paulus se bekering. (10)
**[60]**

**VRAAG 4**

4.1 Verklaar Christus se Soewereiniteit onder die volgende opskrifte:

4.1.1 Die grootheid van Sy Soewereiniteit (8)

4.1.2 Die krag van Sy Soewereiniteit (8)

4.1.3 Die gevolge van Sy Soewereiniteit (8)

4.1.4 Die vertroosting van Sy Soewereiniteit (8)

4.2 Bespreek die **Jesus-begrip** soos dit in die eerste brief van Johannes verduidelik word. Gebruik die volgende sleutelwoorde om jou te lei:

begin, Messias, mens, sonde, Voorspraak (18)

4.3 Noem VYF mense wat in die Nuwe Testament Judas genoem word. (10)
**[60]**

**VRAAG 5**

5.1 Johannes gebruik die uitdrukking "Ek IS" om aan te toon dat Jesus God is.

5.1.1 Waar in die Ou Testament vind ons dat God sy Verbondsnaam "Ek IS" openbaar? (2)

5.1.2 Gee VIER van die "Ek IS"-uitsprake volgens die Johannes-evangelie. 4x2=(8)

5.2 Gee die redes vir die skryf van Paulus se brief aan die Filipense. 12x2=(24)

5.3 Skryf aantekeninge oor die outeurskap van die tweede brief van Petrus. (26)
**[60]**


**TOTAAL VIR AFDELING B: [120]**

AFDELING C
**DIE BYBELSE GRONDSLAG VIR DIE CHRISTELIKE GELOOF EN LEWE**

Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling. ALLE onderafdelings van die vrae wat jy kies, moet beantwoord word.

**VRAAG 6**

6.1 Bestudeer die prentjie van ? gemaskerde man wat ? motor kaap. Verduidelik dan wat die woord 'vergifnis' vir die Christen beteken. (10)



6.2 Hoe openbaar God Homself op ? algemene manier? (10)

6.3 Skryf ? opstel oor hoe die Skrif die lewe van die gelowige beïnvloed. (30)

6.4 Beantwoord die volgende vrae oor God die Vader.

6.4.1 Hoe word God in die Nuwe Testament beskou? (2)

6.4.2 Wat beteken **Abba**? (2)

6.4.3 Wanneer noem Jesus vir God Abba? (2)

6.4.4 Hoe maak Christus dit moontlik vir Christene om God Abba te noem? (4)

**[60]**

**VRAAG 7**

7.1 Bespreek die volgende bedes van die Onse Vader-gebed:

7.1.1 "En laat ons nie in die versoeking kom nie, maar verlos ons van die bose." (20)

7.1.2 "Gee ons vandag ons daaglikse brood." (20)

7.2 Bespreek die doksologie van die Onse Vader-gebed: "Want aan U behoort die Koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in alle ewigheid, Amen." (20)

**[60]**

**VRAAG 8**

8.1 Beantwoord die volgende vrae oor die Tien Gebooie:

8.1.1 Bespreek die vierde gebod: "Sorg dat jy die sabbat heilig hou", deur slegs te verwys na die Nuwe Testament. (30)

8.1.2 Dissipline in skole is volgens *Rapport*, Sondag 8 Augustus 2004 ? groot probleem. In die berig word daar vertel van gevalle waar leerders dif in ? opvoeder se koffie gegooi het. Leerders is oneerbiedig teenoor opvoeders en vloek hulle selfs in die klas.

Bespreek die vyfde gebod deur slegs te verwys na die leiding ten opsigte van gehoorsaamheid en respek wat in die Nuwe Testament gegee word. (30)

**[60]**

## VRAAG 9

Beantwoord die volgende vrae oor die Bybel en geloof.

9.1 9.1.1 Wat is ? **verbond**? (10)

9.1.2 Beskryf die **werksverbond** kortliks. (10)

9.2 Bespreek Jesus se kruisiging as een van die stappe van Sy aardse vernedering. (30)

9.3 Wat is die betekenis van Jesus se opstanding vir ons as Christene? (10)
**[60]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [120]**

**TOTAAL: 300**

**EINDE**